



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 11

NOVEMBER 2012

**GESKIEDENIS V2
ADDENDUM**

Hierdie addendum bestaan uit 12 bladsye.

VRAAG 1: HOE WAS RASSISME OP SWART AMERIKANERS IN DIE 1900's IN AMERIKA TOEGEPAS?

BRON 1A

Die volgende uittreksel is uit *The USA – 1919 – 1941* deur Nigel Kelly geneem en handel oor hoe swartes na hul vrystelling as slawe behandel is.

Die swart mense in die VSA was in die sewentiende eeu deur blanke slawehandelaars na Amerika gebring. Alhoewel slawe met hul vrystelling vryheid ontvang het, was hulle nie gelyk behandel nie. In die suidelike state waar die meeste swartes woonagtig was, is die Jim Crow wette ingestel om te verseker dat swart en wittes apart gehou word. Swartes was as tweedeklas-burgers behandel, nie toegelaat om dieselfde skole by te woon, in dieselfde restaurante te eet of in dieselfde treinwaens as wittes te reis nie. In die suidelike state was hulle ook nie toegelaat om te stem of deel van die juriestelsel te wees nie.

BRON 1B

Die volgende geskrewe en visuele bron handel oor die rassistiese Ku Klux Klan (KKK) en hul behandeling van swart mense en is geneem uit *Working together against Hate Groups* deur Rose Blue.

GESKREWE BRON

'n Organisasie genoem die Ku Klux Klan het geweld gebruik om die swart bevolking te intimideer. Die Klan se hoofdoelwit was om wit superioriteit te handhaaf oor swart Amerikaanse immigrante. Hulle was vurige patriote wat geglo het dat hulle die belange van blanke Amerikaanse Protestante teen swart immigrante, Jode en Katolieke beskerm. Lede het 'n eed van lojaliteit aan die VSA gesweer en onderneem om hulle land ten alle koste te beskerm, teen 'n regering, mense, sekte of leiers wat as vreemd tot die land beskou word.

Die Klan geklee in wit hoofbedekkings, kleredrag en brandende fakkels het meestal saans vergader. Diegene wat deur die Klan uitgekies is as slagoffers het hewige straf in die oë gestaar. Sommige mense was slegs gewaarsku om die dorp vir hulle eie veiligheid te verlaat. Ander slagoffers was geslaan, hul huise en besighede afgebrand of selfs met die gevreesde "Lynch" (opgehang sonder 'n verhoor) vermoor.

VISUELE BRON

BRON 1C

Hierdie bron bestaan uit twee verskillende standpunte oor segregasie en is geneem uit *Nuwe Generasie* deur SP Govender *et al.*

STANDPUNT 1

Dit is 'n weergawe deur Agnes Smedley waarin sy segregasie veroordeel.

Ek is so verneder en beskaamd oor die behandeling wat Negers in die suide ontvang dat my bloed in my are stol. Gedurende 'n busrit en terwyl dit stortreën, het die busbestuurder 'n dosyn of wat Negers beveel om terug te staan sodat twee aantreklike wit vroue eerste kon inklim. Hulle het ingeklim en toe eers het die busbestuurder opgemerk dat hulle Neger bloed in hul are het – miskien kon hy dit aan hul hare merk. Die bestuurder het sy been geklap, uitgebars van die lag en aan die wit passasiers gesê: “Is dit nou nie snaaks nie! Ek het gedink hulle is wit, en nou is hulle Negers.” Die gesigte van die twee vroue en al die gekleurde passasiers het verstar. Myne ook. Sommige van die wit passasiers het vir die grap begin lag ... Ek moes, toe ek dit gehoor het, opgestaan en die bestuurder dood gemaak het. Ek het egter soos 'n verraaier van die mensdom daar bly sit asof ek aan my sitplek vasgenaël was. Ek het aanhoudend bly dink wat Jesus sou gedoen het, en geweet dat Hy moontlik sou toegelaat het dat hulle Hom doodmaak. Ek het om baie redes niks gedoen nie: omdat ek tydens baie geleenthede deur wit mense gewaarsku om niks te doen nie, aangesien dit die gekleurde mense sou wees wat die meeste daar onder sou lei.

STANDPUNT 2

In hierdie standpunt deur James Eastland word segregasie geregtig.

Die Suidelike instelling van rasse segregasie of rasse skeiding was die regte, vanselfsprekende waarheid wat uit die chaos en verwarring gedurende herbouingsperiode verrys het. Apartheid bevorder rasse harmonie. Dit laat elke ras toe om sy eie doelwitte en beskawing na te streef. Segregasie is nie diskriminasie nie. Segregasie is ook nie 'n kenteken van rasse ondergeskiktheid nie, en dat dit nie is nie, word deur beide rasse in die Suidelike State erken. In teendeel, segregasie word hoog op prys gestel en word in die Suide deur die grootste meerderheid lede van beide rasse, ondersteun ... Alle mense wat vry is het die reg om uitsluitlik met lede van hulle eie ras te assosieer. Vry mense het ook die reg om hul kinders na skole van hul eie keuse te stuur. Hierdie regte is deel van die grondwet van die Verenigde State en die wense van die Amerikaanse regering. Beide op staats- en nasionale vlak, moet hierdie regte gepromoveer en beskerm word.

BRON 1D

Op 17 Mei 1954, het die Amerikaanse Hooggeregshof, die desegregasie van openbare skole geproklameer. Wit Suidelike inwoners was ongelukkig omdat hulle geglo het dat dié segregasie hul skole en kinders se opvoeding sou belemmer, en dat hul kinders met geleerde swartes sou moes meeding om werksgeleenthede. Die foto kom uit *Hate Groups* deur SE Thompson bewys dat ten spyte van die proklamasie, wit studente nie Elizabeth Eckford wou toelaat in hul skool nie.



VRAAG 2: WATTER FAKTORE VOOR EN NA DIE TWEDE WÊRELD-OORLOG HET BYGEDRA TOT DIE DEKOLONISASIE PROSES IN AFRIKA?

BRON 2A

Die volgende spotprent verwys na Swart Afrika in kettings, wagtend om bevry te word en is geneem uit *Geskiedenis vir 'n Nuwe Geslag* deur SP Govender *et al.*



Swart Afrika in kettings,wagtend om bevry te word.

BRON 2B

Die volgende uittreksel is uit *Africa: A Modern History* deur Guy Arnolds en handel oor faktore wat onafhanklikheid aangemoedig het.

Na die Tweede Wêreldoorlog, het twee supermoondhede, die begin van die Koue Oorlog, en 'n nasionalistiese drang vir onafhanklikheid te voorskyn gekom. Meeste van die grondwerk vir die oorgangsfase na onafhanklik het onbewustelik gedurende die oorlog plaasgevind. Die koloniale moondhede het in die begin van die oorlog groot verliese gely en dit het die idee vernietig dat hulle die reg het om oor onbeskaafde nasies te regeer.

In Oktober, net na die beëindiging van die oorlog, is die sesde Pan-Afrika Kongres in Engeland gehou. Hier het hulle geëis dat die slegte behandeling van Afrikane deur koloniale moondhede moes stop. Die kongres is bygewoon deur Jomo Kenyatta en Kwame Nkrumah. Die kongres is saamgeroep om 'n oproep te doen vir die beëindig van kolonialisme en die lede het in hul manifes verklaar: "Ons is vasbeslote om vry te wees." Die kongres het die begin punt geword vir die bevrydingstryd. Die kongres het kolonialisme in al sy vorme verwerp. Die kongres het 'n oproep om positiewe aksies soos die van Ghandi, sonder geweld, gedoen. Die kongres het 'n beroep op Afrikane gedoen om hulself in politieke organisasies, werkersunies te organiseer ... Kwame Nkrumah (die toekomstige president van Ghana) het op Afrikane 'n beroep gedoen om die beëindiging van kolonialisme te eis en stakings en boikotte, indien nodig, te gebruik.

BRON 2C

Die volgende uittreksel handel oor Brittanje se poging om ondersteuning vanaf Afrikane te verkry, deur hul lojaliteit aan Brittanje te verklaar. Die uittreksel geneem uit *In Search of History* deur J. Bottaro *et al.*

STANDPUNT 1

'n Persoon met 'n lojaliteitssertifikaat sou nie gestraf word vir optrede teen 'n nie-lojalis; hy sou vrygestel wees van skoolfooie; kon ry sonder 'n permit, 'n lid word van die grond-konsolidasie, skool, kerk en ander komitees. Die houers van sulke sertifikate was ook toegelaat om koffie en ander kontantgewasse aan te plant, kon lisensies verkry om handelsplotte in markgebiede te besit en motorlisensies verkry.

STANDPUNT 2

Die Mau-Mau het ook mense hul lojaliteit laat sweer, somtyds was dit afgedwing. Ek sweer dat ek vir die Afrika-grond sal veg wat deur die witman gesteel is. Ek belowe dat ek altyd sal probeer om die witman om die bos te lei, hom verwurg, sy wapen en enige ander waardevolle items in sy besit van hom te neem. Ek sweer ek sal alles opoffer om die doelwitte van die Mau-Mau na die streef. Ek sweer dat ek, indien nodig, moord sal pleeg teen diegene wat die organisasie teenstaan.

VRAAG 3: HOE HET DIE VRYHEIDSHANDVES DIE APARTHEIDSREGERING UITGEDAAG EN DIE GEVOLGE DAARVAN?

BRON 3A

Hierdie uittreksel is geneem uit *New Africa: History*, deur N. Frick *et al* en fokus op die bevrydingsbewegings se besluit om met 'n nuwe verset plan te begin, genoem die Kongres Alliansie.

Op 2 Augustus 1953, het Z.K. Matthews, president van die ANC in die Kaapprovinsie, voorgestel dat 'n Nasionale Konvensie gehou moet word om die probleem wat Suid-Afrikaners in die gesig staar, te bespreek. "Hierdie konvensie kon dan 'n vryheidsmanifes vir 'n toekomstige demokratiese Suid Afrika opstel", het hy verklaar. Die vryheidsmanifes sou dan 'n dokument wees wat die wense en hoop weerspieël van mense wie se mense-regte hulle ontsê is.

'n Nasionale Aksie Raad is gevorm om hierdie "Congress of the People" te organiseer. Die ANC het verteenwoordigers van verskeie weerstandsbewegings genooi, die Suid-Afrikaanse Indiër Kongres, die Kongres van Demokrate en die "Coloured People's Organisation" en by Kliptown in 1955 byeengekom. Luthuli se beskrywing van die byeenkoms was: "dat dit die eerste verteenwoordigende byeenkoms in die geskiedenis van die Unie van Suid Afrika was ... Niks in die geskiedenis van die bevrydingsbeweging het die mense se aandag so vasgevang soos die geleentheid nie, nie eens die versetveldtog nie."

BRON 3B

Die volgende uittreksels handel oor die verskillende standpunte van die Vryheidshandves en is geneem uit *Geskiedenis vir 'n Nuwe Geslag* deur S.P Govender *et al.*

STANDPUNT 1

“Ons, die mense van Suid-Afrika, verklaar aan die wêreld en ons land:

Dat Suid Afrika behoort aan almal wat daarin woon, wit en swart, en dat geen regering wettig kan wees tensy dit die wil van die mense is nie;

Dat ons mense beroof is van hulle geboortereg vir grond, vryheid en vrede deur 'n regering wat op ongelykheid en ongeregtheid gebaseer is;

Dat ons land nooit voortuitgang sal beleef of vry sal wees totdat ons in broederskap saam leef en gelyke regte en geleenthede ervaar nie;

Dat slegs 'n demokratiese stelsel gegrond op die wil van die mense aan hulle hul geboortereg kan verseker, sonder inagneming van ras, geslag kleur of geloof;

Dus aanvaar ons, die mense van Suid Afrika, wit en swart as gelyke burgers en broers, hierdie Vryheidshandves. Ons beloop om saam te strew tot vir die demokratiese veranderings wat hier uiteengesit is, verkry is. “Ons sal geen moed of krag spaar in die proses nie.”


STANDPUNT 2

Die volgende uittreksel verwys na ontevredenheid met die Vryheidshandves en is geneem uit *South Africa: A Modern History* deur TRH Davenport.

Die inhoud van die Vryheidshandves was onmiddellik gekritiseer. Menige liberales was gekant teen die sosialistiese-revolusionêre verklaring in die dokument nl., “Daar sou 'n komitee van werkers wees wat die goudmyne en die werkers sal die fabriek oorneem en beheer.” Sommige was gekant teen die invloed van die Kongres van Demokrate wat hulle gevoel het 'n front vir kommunisme was. Die Afrikaniste was bekommerd oor die verklaring wat regte en waarborgs aan alle nasionale groepe toestaan.

BRON 3C

Die volgende visuele en geskrewe bronne is geneem uit, *They fought for Freedom*: Nelson Mandela deur K. Pampalis en handel oor hoogverraad waarvan die deelnemers aan die "Congres of the People" en die Vryheidshandves aangekla was.

VISUELE BRON

GESKREWE BRON

Op die 5de Desember 1956, het die polisie mense van alle rasse gearresteer. Hulle was aangekla van hoogverraad. Mandela herroep, "Ons was na (die hof) Drill Saal in Johannesburg in verseëde bakkies geneem en is deur swaar gewapende weermag troepe begelei." Met hul aankoms was die beskuldigdes en hul regsverteenvoerders verbaas om te sien dat 'n groot hok binne die hof opgerig was. Die skuldigdes moes hierin toegesluit word tydens die verhoor. As 'n grap, het een van die gevangenes 'n nota opgehang wat lees, "Gevaarlik. Asseblief moet nie voer nie."

Daar was ongeveer 12 000 dokumente as bewysstukke. Uur na uur het die staatsaanklaer dokument na dokument gelees. Sy vervelige stem het aangehou in die warm hofsaal. Alhoewel die skuldigdes van 'n ernstige oortreding aangekla was, was dit moeilik om aandag gedurende hierdie vervelige proses te skenk. Sommige het ingesluimer, gelees, blokkiesraaisels ingevul en skaak gespeel.

ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Arnold, G, 2005, *A Modern History* (Atlantis Books)

Blue, R., 1994. *Working, together against Hate Groups* (Rosen Publishing Group, Inc)

Bottaro, J., *et al* 2007 *In Search of History* (Oxford University Press)

Davenport, T.R.H, 1997 *South Africa : A Modern History* (MacMillian)

Frick, N. *et al* 2007 *New Africa: History* (New African Books (Edms)

Govender, SP *et al* 2007 *New Generation* (New Generation Publishing Enterprises)

Kelly, N., *The USA – 1919 – 1941* (Heinemann)

Pampallis, K, 2000 *They fought for Freedom: Nelson Mandela* (Maskew Miller Longman(Pty) Ltd

Thompson, SE, 1994. *Hate Groups* (Lucent Book)